

Koronavirus en Pierneef Gemeente

Aangesien daar reeds talle gevalle van die Koronavirus (CoVid-19) in Suid-Afrika aangemeld is, is dit nodig om betyds inligting te kry, versigtigheid aan die dag te lê en verantwoordelik op te tree. Hier is 'n paar basiese riglyne vir gemeentelede.

In die lig van sekere beperkings van groot byeenkomste sal die gemeente op verskeie maniere die bediening struktureer sodat almal veilig kan voel en die bediening so effektief moontlik kan voortgaan. Ons sal steeds deur verskeie tipes tegnologie en ander bedieningsvorme eredienste, Bybelstudies, kursusse, kategese en pastorale ondersteuning bied.

As geloofsgemeenskap het ons 'n spesiale roeping om ons mede-gemeentelede te versorg en die gemeenskap te ondersteun in hierdie tyd. As ons voorbereid is, is ons in 'n beter posisie om ander te help. Kom ons maak van die probleem 'n geleentheid om hoop te bring en werklik 'n verskil te maak!

Goeie higiëne help baie om die verspreiding van die koronavirus te beperk, maar ook om verkoues en griep, te voorkom!

- Was gereeld jou hande met seep en water vir ten minste 20 sekondes.
- Nies of hoes in die hoek van jou elmboog of sneesdoekie, nie in jou hand nie. Was onmiddellik jou hande nadat jy gehoos, genes of neus geblaas het.
- Moenie aan jou gesig, veral jou mond, neus en oë, raak met ongewaste hande nie.
- Ontsmet gereeld oppervlaktes wat gereeld aangeraak word, insluitend sleutelborde, tafelblad, hysbakknoppies en deurknoppe.
- Gebruik 'n handontsmetingsmiddel.
- Vermy noue kontak met iemand wat siek is.

Voel vry om in plaas van mekaar te omhels, of hand te skud, met jou kop te knik of met jou hand op jou hart te buig. Voordat jy iemand omhels, vra eers toestemming uit respek vir mekaar. Ondersteun asb die veranderinge in die dankoffer- en nagmaalpraktyke wat bedoel is om die kans om kieme te versprei verminder. As die infeksie risiko verhoog, probeer om genoeg spasie te hou tussen jouself en ander mense.

Indien u onderliggende gesondheidsprobleme het, of bo 60 jaar oud is, oorweeg om eerder nie risiko's te loop om 'n infeksie op te doen nie. Bly dan eerder tuis, en gebruik ander opsies en bronne wat ons aanbied op die webblad, epos-erediens en Facebook.

Die koronavirus (CoVid-19) is 'n respiratoriese siekte wat griep-agtige simptome veroorsaak, insluitend koors, braking en asemhalingsprobleme.

- As jy een van hierdie simptome het, bly asb tuis.
- Moenie reis terwyl jy siek is nie. Vermy kontak met ander.
- Kry mediese hulp.
- Bel vooraf, voordat jy na 'n dokter of 'n noodgevalle eenheid gaan. Vertel hulle van enige onlangse reise en jou simptome.
- Vra om deel te neem aan vergaderings via 'n video- of telefoniese konferensies terwyl jy herstel.
- Laat weet asb as ons as gemeente jou kan bystaan.

Kom ons bid en werk met liefde saam om die koninkryk van God te laat kom te midde van die uitdaging.

Nuttige skakels:

- Kort opvoedkundige video oor die “5 dinge om te weet oor COVID-19”
<https://youtu.be/2OKr53uXhS4>
- Die jongste inligting oor die virus: <http://cdc.gov/coronavirus/2019-ncov/index.html>

Pierneef Gemeente